

18

'N GAWE VAN GOD

Seksualiteit

FASELES

Hierdie les moet in oorleg met die predikant aangebied word. Daar moet besluit word wie vrymoedigheid het om dit aan te bied of om 'n spesialis op die gebied te kry om dit te doen. Daar moet ook besluit word of seuns en meisies apart gaan vergader.

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet seksualiteit is 'n gawe van God – 'n kosbare geskenk.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- seks is 'n gawe van God; en
- dit is 'n noodsaaklike en mooi deel van 'n gesonde huwelik.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om seks te bêre vir die huwelik.

Vaardigheid

Die kinders bring 'n besoek aan 'n tehuis vir ongehude moeders, 'n vigs-tehuis of 'n tuiste vir vigs-wesies. As alternatief kan 'n DVD oor seksopvoeding vertoon word.

MEER INLIGTING

In 1 Korintiërs 11: 8-13 sien ons dat afgodsdienste, onsedelikheid en sondige begeertes feitlik in dieselfde asem genoem word. In hierdie konteks beteken dit dat mense soos afgodsdienaars in die strik van hulle eie seksualiteit kan val. Dit impliseer dat hulle eintlik 'n afgod van hulle liggame maak en hulleself enigiets veroorloof. Seksuele bevrediging is vir hulle die belangrikste in die lewe, en hulle gee nie om vir die ander persoon se gevoelens nie.

Hierteenoor is die Bybel besonder uitgesproke oor die kosbaarheid van gesonde seksualiteit. Spreuke 5: 15 en verder stel dit treffend: *Jy het tog self 'n vrou, jy het tog self 'n put met water: drink die strome uit jou eie fontein.* Dit is hier duidelik dat seks in 'n huwelik hoort. Egbreuk word sterk afgewys in die volgende vers: *Moet jou fontein dan ook die wêreld vol loop, jou strome oral heen vloei?...verheug jou oor jou eie vrou... Geniet voluit van haar liefkosings.*

Die veilige ruimte van die huwelik is die plek waar man en vrou seksualiteit ten volle en met oorgawe kan uitleef. Daar is slegs plek vir twee mense in 'n liggaamlike eenwording. Losbandigheid word baie sterk afgekeur in die meeste godsdienste, maar veral ook in die Christendom.

Die boek Hooglied is vol lof vir die intieme verhouding tussen 'n man en 'n vrou, en ryk aan beeldspraak. Die tyd moet egter ryp wees daarvoor. 'n Seksuele verhouding soos God in die Bybel daarvoor praat, is een van die kosbaarste geskenke wat God vir ons kan gee. Hy gee dit omdat Hy ons liefhet, en dit is uitdrukking van ons liefde vir ons huweliksmaat.

Die seksuele is 'n mooi, vervullende deel van 'n huwelik, maar dit moet ook baie versigtig hanteer word. 'n Mens moet beseft dat omdat seksuele gemeenskap so heilig is, 'n mens dit nooit mag besoedel deur met 'n persoon buite jou huwelik 'n verhouding aan te knoop en seksuele gemeenskap met hom of haar te hê nie. Volgens Eksodus 20 is dit egbreuk. Dan oortree jy God se wet, die tien gebooië.

Ons leef in 'n wêreld waar seks goedkoop en oppervlakkig geword het. Pornografie is vrylik beskikbaar, en mense woon buite die huwelik saam. Dit voel of daar geen grense is nie. Ook is daar selfs op ons TV-kanale sekstonele. Een van die klein jakkalsies wat die wingerd kan verniel, is die sepies op TV. Meeste kere is die storielyn vir ons mooi, en dit is lekker ontspannend om na 'n vol dag daarna te kyk. Feit is egter dat in die meeste sepies daar talle buite-egtelike seksuele omgang tussen die karakters is. Ook verskeie saamblyers. Dikwels vind daar wel huwelike plaas as deel van die storielyn, maar nie voordat die paartjie reeds 'n seksuele verhouding gehad het nie. Die invloed daarvan is skadelik. Anders as wat die Bybel ons leer, word voor-egtelike en buite-egtelike seksuele verhoudings uitgebeeld as die normale, en dat almal dit in elk geval doen. Om daaraan mee te doen, het ingrypende nadelige gevolge.

Dit is interessant om te weet dat die egskeidingsyfer twee maal hoër is by huweliksmaats wat voorhuwelikse seks gehad het!

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Jou Bybel.
- Reël kundige persone (die hoof van 'n huis vir ongehude moeders, die hoof van 'n vigskliniek, 'n klinieksuster, ensovoorts) om die klas aan te bied by die kerk of om die kinders op 'n uitstapie te neem.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 276 as gebed.

*Leer ons om in eie oë
klein te wees voor U, o Heer,
diep bewus van onvermoë
om u Naam opreg te eer.
Maak ons nederig en stil
om te lewe soos U wil.*

*Daar is by ons soveel weerstand,
teen u wil, u Woord, o Heer.
Ons bied soveel kere teenstand –
wil ons nie deur U laat leer.
Skep in ons 'n nuwe gees;
laat ons U gehoorsaam wees. Amen.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Toe God man en vrou geskape het, was hulle nie losstaande enkelinge nie, maar mense binne 'n verhouding. In Genesis 2: 18 lees ons dat God die vrou gemaak het om die man se eensaamheid op te hef. Elkeen het die ander nodig gehad. En toe die man gesien het wat God gedoen het, het hy gereageer met die woorde: *Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek* (Genesis 2: 23). Dit is 'n pragtige beskrywing van die intieme verhouding wat 'n man en vrou geniet.

Hierdie verhouding bestaan uit verskillende vlakke van intimiteit: intellektueel, emosioneel, en ook seksueel.

IETS INTERESSANT

Gebruik onder andere MEER INLIGTING hierbo en hou die belangrikste feite oor 'n gesonde seksuele verhouding aan die kinders voor.

IETS BELANGRIK

Lees Spreuke 5: 15-20. Wys daarop dat –

- seks 'n wonderlike geskenk van God is.
- seksualiteit slegs volle uitdrukking en vervulling vind in 'n permanente verhouding.
- seks nie vuil of sleg is nie; intendeel, dis is goed en mooi.
- egbreuk teen God se wil is.

IETS OM TE DOEN

(Die kategorieë of 'n kundige persoon gee die regte antwoorde na die bespreking.)

- Gesels as groot groep vrymoedig oor saamwoon. Dink julle dit is so vreeslik verkeerd om buite die huwelik saam te woon en seks te hê?

Die Bybel is teen enigiets wat nadelig vir 'n mens kan wees. Omdat seks so 'n absolute intieme persoonlike saak is, kan seks buite en voor die huwelik 'n klomp nadelige gevolge hê. Daarvan is die volgende die bekendste:

- *Geslagsiektes, waarvan MIV/vigs die gevaarlikste is.*
 - *Ongewenste swangerskappe.*
 - *Benadeling van jou toekoms omdat jy as gevolg van bogenoemde meestal jou studies moet staak.*
 - *Skuldige gewete.*
 - *Dit maak jou ouers ongelukkig.*
 - *Egskeiding in 'n toekomstige huwelik is hoogs waarskynlik, want wantroue bestaan.*
 - *En baie ander...*
- Sê nou jy het al seksuele verhoudings gehad, en nou ontmoet jy jou droomman of -vrou. Julle besluit saam dat julle seks wil bêre vir die huwelik. Hoe maak 'n mens nou met die vorige seksuele verhoudings, want dit het tog gebeur?

Aan gedane sake kan niemand iets verander nie. Omdat daar soveel unieke gevalle is, is dit goed om 'n huweliksberader te gaan sien en uit te vind wat binne jou eie situasie die beste optrede sou wees. In sommige gevalle is dit goed om dit teenoor mekaar te erken; in ander gevalle waarskynlik meer nadelig as goed.

BY DIE HUIS

DOEN

Gaan maak 'n lys van eienskappe wat vir jou belangrik is in jou ideale maat. Hierdie moet die persoon wees met wie jy die res van jou lewe wil deurbring. Aan watter vereistes moet die persoon voldoen?

LEER

Memoriseer die woorde van Prediker 4: 9 en 10:

⁹Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets. ¹⁰As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.